



Dosie Ink

2022

Meet the team



**Jeanné
Thomas**



Amber Haines



**Belinda
Malan**



Amelie Kruger



**Liesl van der
Walt**



Noelanie Smit



Megan Bouillon



**Charl-Francois
Marais**



BRIEF VAN DIE REDAKSIE

Ek het nooit werklik 'n liefde vir skryfkuns gehad **nie**. Een **aand** 11 uur het ek alleen in die pikdonker gesit **en Jimmy Fallon kyk, die laastegas** van die aand was Rudy Francisco wat sy nuwe digbundel bemark het. Die skraal digter het in sy grys pak die verhoog betree, diep asem geskep en sy gedig "Complainers" voorgelees. Die woorde het soos heuning van sy lippe afgeloop, elke metafoor, vergelyking en paradoks wat jou aanval met die tipe passie wat slegs in letterkunde gevind kan word. Dit was die gedig wat my lewe verander het.

Die mag van skryfkuns lê in die passie wat dit in ander aansteek. Die passie wat op die harte van elke Oosie lê vind sy tuiste in die Oosie-ink. Julle idees, julle liefdes, julle frustrasies maak ons bundel se bladsye vol en het die mag om die lewens van jou mede- Oosies te verander. Straal julle passies uit, sê jou sê en hou aan teken, skryf en foto neem. Ek en my Oosie-ink span is oneindig trots om die bundel met julle werke in uit te gee.

Alle liefde,
Megan Bouillon

**NOSTALGIES
MAAK DIE
AANDLUG MY**

Nostalgies maak die aandlug my
soos wat ons die lang pad ry
Die sterre laat my na die jong dae verlang
Die dae van lofied en sang
Ek kyk af na die graffiti op my lyf
Ek knyp my oë toe, styf
en kyk by die venster uit na die maan
met huilende oë glip daar 'n traan
Dan onthou ek die Here se woorde van hoop
wat my aanhou loop
"Byt nog 'n bietjie vas...
die lewe sal jou nog pas."

- Megan
du Preez

VERRAAI

'n Kragtige woord
kan 'n mens se wêreld so vining omdraai
jou rond stoot
Vriende is nie meer vriende
Liefde is nie meer liefde
Jy troos maar die hartseer
En probeer die tranes keer
Beloftes word gemaak
Maar wat maak dit saak
Dit word elkgeval soos 'n hart gebreek
En in 'n duisend stukke geskeur

-Lizaandr
Venter

**SOMS
VERDWAAL
EK**

Soms verdwaal ek in 'n wêreld van lief wees en seerkry
Soms wandel ek in die spoor van leuens oor myself
Ja, dis geskrewe woorde op papier, maar dit maak nie
sin nie, het nog nooit
Ek besef ek het groot wense en drome vir ons, maar dit
is moeilik om te aanvaar dat jy ook het
Ek hoop ons paai sal eendag kruis
Ek hoop dat ons Here ons, ons plek sal wys
Waar ons arms om mekaar kan vou
Ek weet dis gevaarlik maar ek is verslaaf aan jou

-Ruaan
Bouwer en
Stephan
Steyn

**HIER BY
MY**

Hier by my
is daar skuiling teen die wind
word n grootmens
weer n kind
word die wysheid
weer onskuldig
want hier by my
word die winter weer
n somer
Ons kindergedagtes
was drome
die jong dae
was vrede

-Kaylin
Cocklin

**ONTHOU
JY?**

Onthou jy toe ons vir ure lank in mekaar se oë kon
staar
met niks om te sê
maar soveel om te verstaan
Onthou jy toe jy vir my die maan en sterre belowe
maar nou is ons liefde verlore
Ek het soveel om te sê
maar niks woorde
Onthou jy toe jy my vir die eerste keer soen
nog daar voor juffrou Koen
My hart het gevoel asof dit tot in my skoene sak
en jou naam was op my hart geplak
Maar al wat ek nou kan vra
Onthou jy nog vir my en jou saam?

-Anoniem

SKOOL

Hol oogkaste staar vooruit.
Skedels, spierwit, sukkel om
hul spoke binne te hou.
Vel slap en slordig hang
vou, vir vou
Klaas Faakie se sand,
dof en grys van ongebruik
voer die voue onder swart gate uit,
gate waar my oë moet wees
Sleepvoetig, slaapversteur
loop ek die lewe deur.
Tot my dood.
Dit alles vir my toekoms...

-Anoniem

4
MURE

Tussen vier mure, vasgedruk vir ses ure met n vloed van werk en so baie om te merk.	sit ek op die punt van my bed en al wat ek het is nog n boek en more wag daar vir my n toets
Tussen vier mure op hoofstuk vyf van my biologieboek voel ek so moeg	Tussen vier mure by my klaskamerbank sit ek en sulk.
Tussen vier mure	oor n dag van moeg wees met geen wegbreek kans

-Meaghan

TUIS

Na elke periode staan ek en wag, vir jou om deur daai gang te kom jou kop draai na my en ons oë maak kontak met mekaar, oor die verlate vierkant, staan jy daar, met die breedste glimlag en kyk na my	op daai oomblik raak alles stil dis net ek en jy met ons peace-teken in n hartjie vorm, wys ons, ons liefde vir mekaar met n waai en n soen, wat oor die groen gras vlieg, weet ek dat jy daar onder, my veilige hawe is, my tuiste asook my woonplek.
---	---

-Anoniem

IS JY DÍE
EEN?

Is jy die een?
Wat my by die hand, styf vat
My rots
en steun
Hou jy my hand veilig
want jy wil of moet
of is dit deel van die plan
waar jy my rondgooi soos jy
kan
Maar ek is lief vir jou
en gee my net gou
dieselfde aandag
want ek dink jy is die een

-Vanessa

**GEBROKE
HARTE**

Ek wil nie nog 'n "sad"
gedig skryf nie,
maar hoe kan ek
hierdie tieners se pyn
kommunikeer
Hulle wil nie eet nie
Hulle kan nie slaap nie
Hulle sal nie praat nie.
Maar hoe kan ek so
onsensitief wees

Ek ken nie hulle pyn
Ek weet nie hoe dit voel
Ek was nog nooit daar.
Loskoppe in beheer met
harte op die spel
Ek sien net gemors aan die
einde van die tunnel
Hoe kan al die drank so
eweskielik verdwyn
Dit is net een mens se werk,
En dit is 'n seun.

-Suan
Dekker

**HOEKOM
IS
EK
ALLEEN?**

hoekom is ek die enigste een wat oor jou huil?
die enigste een wat nogsteeds sukkel om te
slap
die enigste een wat spyt oor die verhouding
is
die enigste een wat voel daar is nog hoop...
hoekom is ek die enigste een wat nogsteeds
aan jou dink?
hoekom is my trane soveel meer as joune?
hoekom is ek alleen tydens al die pyn?
hoekom is ek die enigste een wat steeds
gevoelens het terwyl iemand anders in jou
arms lê?

-Sun
Minnaar

**LIEFDE
OP
STILSTAND**

Jou woorde speel soos
branders oor my sandkasteelhart
My hart lê in stukke
en ek sny myself
wanneer ek dit probeer optel
My woorde is al leeg
en my krag is min
ek kan nie meer n pleister
vir al jou wonde wees nie
ek maak nou my deure toe
en jou genesing is die sleutel.

-Simon

**EK MIS
JOU**

My hart, my siel
verlang na jou
Jou koue hande wat my
warm hou
Ek mis jou soen op my
wang
Ek mis jou.

-Leandri
de
Klerk

JEUG

na hoeveel jare
sonder koorsblare
op my lippe
onder my tong
groeipyne voel
nostalgies
soos opstaar na wolkies

-Elmi
Sinden

MATRIEK

Matriek is hier
dit is geen plesier
my ma is op my case
haar gekla klink soos die
wind wat suis.
Matriek is hier
ek benodig dalk 'n bier
Ek is bang.
Matriek gaan my vang

Matriek is hier
hy brul soos 'n tier.
Goeie punte is wat hy
soek
dit beteken gesig permanent
in die boek
Matriek was hier,
kom laat ons nou vier
Sannie sleep sewe sakke
sout is verby
nou is dit tyd vir groet
en ry.

-Anoniem

**PICNIC
VIR
TWEË**

Kry vir my 'n koppie
waar ons piekniek
terwyl die stadsterre vir ons dans
en die maan vir ons serenade sing

-Simon

VERLOWING

Wie het ook gedink
liefde begin met my naam
en eindig met jou van

-Simon

-Jade
Liebenberg

Agter die Blouberg skuil ons
 waar niemand ons sal vind
 Die ligte briesie fluister
 peinsend in my oor
 "Dis aardse dinge my kind".
 Die maan is hartseer dis
 asof sy my hoor
 Die verwagtinge is te veel
 ek gaan versmoor
 Op die punt van die Blouberg
 sal jy 'n stukkie van my vind
 My tranes het neergestort,
 ek is tog nog kind
 Ons keer terug na die lewe
 Op en af by 'n berg
 Dan is dit terug na die vlaktes

-Anoniem

ek wens jy het my gesien
soos ek
jou sien,
in die donker altyd my
sal beskerm
in die donker altyd my
sien as jou
lig
ek wens jy sal my kies
ek wens vir te veel!
my vraag aan jou is,
wens jy die beste vir my
ook?

MAMMA, SY IS DIE EEN

-Reuben
Stander

Mamma, ek is lief
My kind is jy weer opsoek na skattekus
Net om beroof te word deur 'n hartedief
Sal sy vir jou kan wees wat
Jou pa vir my was
'n Skouer om op te huil
'n Oor om mee te praat
Iemand in jou hoekie wanneer die hele
wêreld jou haat
'n Vriend by die kerk
en 'n sielsgenoot voor die kansel
sal jy dan bereid wees om haar te begrawe
met die diamant van jou hartklop.
Mamma, sy is dit en soveel meer
Haar blou oë en blonde hare herinner
my aan 'n engel wat
uit die Koningryk geval het.

Mamma, ek wil haar optel en op die
wolkrappe dra
Op na my Here om vir haar onskuld
te vra.
En daar met haar die oneiendige
liefde van my hart aan haar verklaar
Mamma, ek kan nie ophou aan haar
dink nie
Vir eens voel dit weer asof ek nie in
my verderf in sink nie
Sy verstaan my probleme, my
irritasies met almal
En troos my op die dae wat alles in
mekaar in krummel
Mamma, ek wil haar vat na
vakansies oorsee
En haar die sewe wonders wys
Wat sy net in die boeke kon leer

LIEFDE IS NIE NET 'N LIED

-Divan
en
Laudette
Jansen

Liefde is nie net 'n lied
Dis soos 'n tuin sonder water gegiet
Jy gaan alles moet bied
En niks daarvan is verniet.
Liefde is nie net 'n lied
Ek het my tyd in jou gebied
As jy alles wil gee
Wel, dis jou besluit moenie daarvoor skree.
Liefde is nie net 'n lied
Dit word van twee kante gebied
Liefde maak nie net seer
Maar word van albei kante beheer.
Liefde is meer as net 'n lied
Soms is ons net dronk verdriet
Hierdie bootjie gaan eventueel sink
Daarom sit ek agtertoe om te dink.
Hiermee by gesê
Wil ek vir jou sê
ons almal het 'n verslawing
en jy is myne.

IS DAAR OOIT TEEN LIEFDE 'N REËL?

-Anoniem

ek trotseer die woestynsand
met 'n kompas en kaart in hand
ek soek orals na jou
my asemhaling aanhou bou
ek word moeg
soos ek oor die duine ploeg
waar is jy?
kom na my!
'n traan rol oor my wang
onbewus probeer ek dit vang
maar dit het reeds verdamp
vanaand wil ek in jou hart kom kamp
en jou skoonheid waardeer
tog is ek bang ek kry weer seer
jy en jou woestynblonde hare
ontwek die ware
liefde wat ek vir jou voel
saam jou blou oë elk soos hul eie waterpoel
waarin ek karjakker en speel
is daar ooit teen 'n liefde reël?

JY

-Challby
Coetzee

Jy het 'n gedig in my begin
'n gedig wat ek nie ophou
kan bemin
die liefde in die gedig is
onbeskryfbaar
en is vir ewig dankbaar
vir iemand so wonderlik
Waar sal ek ooit weer my handjie
vol liefde
vir iemand so spesiaal kan bied?
Die onvoorwaarlike liefde
wat tussen nou en vir altyd sal bied
Gebroke liefde wat tussen twee
Gebroke mense herstel kan word
van al die seer van die verlede
Die seer wat niemand van weet
wat hul albei wegsteek
Dis die seer wat die gedig versterk
Hulle is die enigste twee wat
werklik en opreg die liefde in die
gedig kweek

**LIEWE
MEISIE**

-Lom

ń meisie is ń purity van bo,
 ń princess op haar eie.
 sy het die mooiste dispels,
 die mooiste glans in haar hare,
 die mooiste kurwe gevorm,
 die mooiste lyne gevef op haar lyf.
 Haar voetspore los sy agter sodat
 almal
 weet sy is haar eie mens.
 Niemand kan haar vervang nie.
 Die plek wat sy in jou hart het,
 sal altyd daar bly.

Tyd kan verby gaan,
 ontwikkeling en groei kan plaasvind.
 Maar sy, net sy, sal daar wees vir jou.
 Die glimlag op haar gesig,
 haar lag wat die hele kamer helder
 maak
 skyn,
 dit sal jy nêrens anders kry as by haar
 nie.
 Sy is die mooiste pêrel gestuur van bo.
 En daai sy,
 Is jy.

**KLAS
RUMOER**

-Anoniem

brom, bras, bruisend
 kom die bastones vanuit die skare
 giggelend, kom kinderagtigheid na vore
 geroes van ongebruik.
 rumoerig, ruisend, rukkerig
 kom ń gepraat vanuit die klas vol gesigte.
 naamloos, val identiteit weg in die veilige
 skuiling van ń trop klone
 vasgedruk, venynig, verlate
 sit kinders saam in bondels. Alleen en tog
 bymekaar. Woorde en rebelseid spring
 vanuit hul hokke, gekleede liggame,
 met geen toekoms en geen
 vryheid.

brom, bras, bruisend
 kom die bastones vanuit die skare
 giggelend, kom kinderagtigheid na
 vore
 geroes van ongebruik.
 ń Enkele stem bars los vanuit
 nate van stywe klere
 maar val gesmoor.
 Die naamlose skare staar na
 die verbrande as, en
 vul met woede.
 ń Aardbewing kom...

English Poetry



Stood up

An empty seat
standing across from me,
where could she be?
A moment passed...
maybe two,
the waiter amused
awaiting her.
The phone buzzed.
A message!
but from who?
Sorry love,
My mind raced,
wanting to know.
Why I even try.

- Jared

Stranger

The face in the mirror
Is a stranger
To me.
I don't—
Look like that,
I don't—
Feel like that.
No, the stranger
In the mirror
Is a different person,
Definitely not me.
And neither do I know
Who I want to be
But that stranger
In the mirror
Definitely, isn't me.

-Waldo van der Walt

Heartbroken

My heart broke in two
from the sight that I saw
I don't know what to do
It's a true heart break at dawn
In my hands is a pocket of sadness
As a tear rolls down my cheek
It is a complete and utter madness
My face turned bleak
In my hands a McDonald's burger
Covered in gooey pickles
The food in my hands, the definition of murder
Caught with the Reaper's bending sickle
The uneatable mess in front of me
I threw away as far as I can see
The sight of the pickle made me scream
A nightmare that was once a dream

-Anonymous

My younger self

Some nights I wish
I could go back
in time to feel
the beautiful things again
As you walk into your life
Everything we see is a
perspective
Not the truth
Everyone wants to be
the sun to brighten up someone's life
But you, my younger self,
be the moon to shine on
someone's darkest hour

-Anke Robbertse





♥ Poetry ♥

Heartbreak

My heart is broken
We left things unspoken
How can you just leave me
with all these feelings of
heartbreak?
I can no longer sleep at night
but I can also no longer fight
I was there for you even though
you pushed me away when things
got hard
We are no longer together
What happened to forever?

-Megan Müller

Silent pain

How do I begin?
How do I let out what's within?
My mind is screaming out loud
my thoughts filled with this dark cloud.
I feel hurt all over again
The rushing back of years of pain.
Yet my lips find no words.
Sealed, silenced by the gods.
Heartbroken, I still go on
broken pieces lying alone
Where shall I find solace?
To whom can I present my case?
The desperate search for happiness.
The longing to show my goodness.
The endless fight of a wounded soul.
Darkened heart as black as coal.
I pray for strength over this feeling
I look up for Divine healing
"It's okay to cry, let out the hurt.
Let your crushed spirit purge."

-Caren-Lee van Dyk

The cats of war

I am teased alot
about my obsession with cats
with soft paws, shiny fur, and tiny hats
and large doe eyes that melt my heart
but little do they know
it is all apart of my plot.
Claws of steel and wicked sharp teeth
Piercing, narrowed eyes
with a hiss and spit
Signaling any foe's inevitable demise
Underestimated and teased I may be
but in the end
those who oppose me
shall face my feline army
Like little rats they will run
as I send my army of cats
To have their fun.

-Tania Smit

Villain's Tale

I have always wondered why I defend the villain
Because when a villain goes down on his knees
For her and only her
something in me stirs
A hero would give her up to save the world
Showing that they were indeed purehearted and honest
but the villain would tear the world apart
if she was hurt, that is a promise.
So the next time I defend the villain of the tale
just know that they too were once broken and frail.

-Elke Schillach





♡ Poetry ♡

Broken Heart

My heart is crying because
there is no one there
to hold my hand
The sadness is overwhelming,
So much so that it feels
like a pinch in my chest
that doesn't go away

-Leandri de Klerk

C'est la vi

Light advice
given with no price
never followed
yet hard to swallow
That bitter memory
at an everlasting remnant
from a parent figure
who now remains, between earthly fissures.

-Emile Coetzee

Tongue-Tied

Standing in an ocean
With water above my head
screaming like a madman
with nothing to be said.
The water echoes the sound of fear
I cannot say the words
Even though it is so, so near
I stand tongue-tied
My opinions locked up in my heart
I stand tongue-tied
full of desperation to let it out
But I won't because I know
What I say won't give them satisfaction.

-Carlé van Biljon

Karma

Dear Karma,
I have a list of people
you missed.
They roam free,
free of consequences,
free to do their treachery
They roam free
laughing at us you caught.
Laughing at you
.
They roam free
like you don't even exist
like you aren't nipping at their heels.
Dear Karma
these people You missed
now you are on their list.

-Andonia Botha





♡ Poetry ♡

Me And you

I've been retracing all my memories
sketching the map of me and you
I just passed the body of Mt boundaries
Kicked into the road
Alongside my truth.
Here are the places I've cried
Here's the bed I've made in your lied
Here's the last shred of my pride
I'm finding myself in my footprints
There's not much left
To grow back.
But there's enough...
Here are the places I've cried
Here are all the tears from my eyes
Here are all the pointless times that I tried.
And here I grow.
Now it's my spirit
And there you go
I've stayed up all night
Thinking about me and you
Somehow and someday
I will find you.

-Anri

A timeline

You and I
against a rule
set for us by time
A marker drawn
to show our end,
etched into its line
The briefest moment
shared with you—
the longest
on my mind.

-Anonymous

Life as a Teen

We learn from our mistakes
from the wrong turns we take,
from the fake friends we make,
and from the times we almost break.
This will be tough,
but time will heal.
perhaps a new life,
will then reveal.
Dark days are necessary,
just as important as the rest,
for if we didn't have the worst,
we wouldn't recognise the best.
We are all so different,
and yet so much the same,
everybody, in some way or another
will experience a kind of pain.

-Riaan Kroukamp

Red means I love you

When we first met
I saw red
We were in love and
things seemed to go our way
Until she came
At the end, I did what I had
to do,
but the shock on your face
said something else.
I did what I had to do
at the end you seemed to
forget.
Red means I love you

-Elnique du Toit





♡ Poetry ♡

Untitled

Reality

Late at night
In the moonlight
There we met
In our favourite place
We talk about how
We were meant to be
I tell you
I want you for me
You hold me tight
So reality can't take me back
We try to run
But reality is around every corner
Can't I save this moment?
And stay in my fantasy?
Make it a real memory?
Instead of make-believe?
But reality doesn't give up and
I must leave
You try to save me
And took my hand
Reality was stronger
And pulled us apart
Now I'm back here
Hoping I wasn't dreaming
Will I see you again?
Late at night
In the moonlight
There we met
In our favourite place
For real this time?

- *Jessy Payne*

Bound by gnarled chains
Forced to beat to set ink.
My water low, my willingness sink
Down in a domain of silly pain.
A meaningless lyric filled with folly,
A pure sheet I am made to sully.
An unimaginable target of humour so coarse,
To the poor sods to read this, wastes their eyes hoarse.
Might as well choose a topic,
Mutiny this poem ever horrid.
A lyrical personification of plain porridge,
Trying my best to mute this, a no-pick.
To end this monotony I'll write about summer,
About as enticing as trigonometry, I bow
As I would rather walk around in winter clothes 'tween snow,
Might sound a bummer, but African heat tears me asunder.

- *Ruan Els*

Under the weather

Today I am as sick as a dog.
Woof, woof, cough, cough.
Breathing out of my mouth, I sound like a frog.
My british accent sounds rough.
My throat is clogged.
My nose is blocked.
Full of snot.
But best of all, I feel so hot!

- *Anonymous*





♡ Poetry ♡

Untitled

Broken broken broken
My heart
My trust
all you tell are lies
all you do is lie
You will lie 'till you die
Push push push
pushing people out of your life
wondering why you're alone
Cold nights
We call it karma
Trust trust trust
restless nights
overthinking
Realising it is time for you to go
No more lies
pain
tears
restless nights
Overthinking
Worth worth worth
Know your worth
Put yourself first
Love yourself
Stop letting people walk over you
You are a prize and a dime

-Beyoncé

Pain

My heart aches to think of you.
your smile, your hugs, your kind soft voice.
My heart aches to think of you
Your love for all, your love for us.
You were my best friend
My reassurance, my motivation
My shelter during storms.
You were my best friend.
You were too young to be taken
And yet in your 50th age you were gone
Now you're better off
but you leave the void behind.
My heart aches to think of you
My best friend, my second mom.
My heart aches to think of you
because you were my grandma
And you meant a lot to me.

-Chardené Wolfaardt

Shadows

Between light and dark
I find myself stuck,
I am stuck in the shadows
That the sun leaves through my windows.
In this world I am in,
I am happy right within,
I am lost, i am found
The brightness is all around.
Through thick and thin and everything,
Someone is bound to feel something.
After all we all do fall down,
That is when we swim and not drown.
Live at night, live at day
For we shall not be kept at bay!

-Lené Briedenhann





Do not start your day with the broken pieces of yesterday.

I wish you could see how captivating you truly are. I wish you could see the way your sweet, innocent, autumn brown, moon eyed eyes move up and down looking at yourself. Or how your almost invisible eyelids are hidden behind your black, silken, voluminous eyelashes.

I wish you could see how your button-like nose is covered with your constellation of freckles, spread all over your face covering your beautiful chubby cheeks, with the prettiest dimples. I wish you could see how your ash blonde hair hangs over your shoulders, shining through the top left corner of your window.

I wish you could see how your head tilts to one side whilst you examine your body. I wish you could start a new day without the broken pieces of yesterday.

I wish you could believe them when they give you compliments, and not think they only tell you that to hide your flaws and deceive their own minds. I wish you could see how beautiful you truly are but what does it matter? Because after all, I am just the mirror hanging on the wall.

-MIGNON
FOURIE

The mystery assignment

I held the photograph closer to make sure I was not mistaken. He was one of us, a fellow spy and my best friend. Surely it had to be a mistake — he could not be my next target!

We were a secret group of young foster-teenage spies, highly trained and expertly skilled. We worked for a company called "The Program". We received our assignments by phone, we had a month to assess the situation and to eliminate the threat. After the assignment was successfully finalised, we could come back in, to the only family we knew, "The Program".

I was at a loss about what to do! I sent a message that said that I had accepted the assignment. I regretted pressing 'send' on my cell phone almost immediately!

Something was seriously wrong! I phoned Jack and asked him to meet me at a restaurant in town. We had to figure it out and quickly.

After we debated the mystery assignment, we realized that "The Program" had decided to eliminate us. We were the eldest spies and not as gullible anymore. They knew we would not be loyal forever.

In the back of my mind, I knew I could not kill Jack. I also realised that someone was going to come for me. We looked at each other, realising we had no choice. We would have to vanish from the face of the earth forever...

-RHODE
SWARTZ

Winter days

The wood in the fireplace would not stop cracking. Everytime Flora got used to the quiet the wood would lightly pop as if to remind her to not fall asleep in the study. As much as the fire annoyed her, she would not put it out, not with weather like this.

The snow was falling gracefully onto the grass and cobblestone of the driveway, the same driveway Richard was walking up towards her door. She chased Oscar off of her lap to get up and open the door. The fat cat meowed in protest, but immediately curled up on the spot she had been sitting in without further complaint.

Richard hated the cold, but something about the winter brought out his boyish charm. The sunlight being reflected off of the fresh snow made the mischievous wink in his eyes brighter. His cheeks glowed a bright red colour and his finger tips were as white as the snow. The tattered twee blazer he insisted on wearing was the same hue of brown as his wild curls. Flora giggled when she saw the snowflakes that were stuck in his hair.

Richard smiled, nodded his head towards the white scenery and spoke, "Like something out of a Tolstoy, is it not?" He could barely finish his sentence before his jaw started clattering and his body continued shivering.

He digs around in his pocket and then handed Flora a book. The book was old, its spine was cracked and its pages were discoloured due to its age. She squinted at it and read the title: Wuthering heights by Emily Brontë. Unrequited love. Flora smiled back at Richard whilst fighting back the tears that threatened to fall. Each nights prayed for this puerile crush to go away and every morning she woke up disappointed.

She whispered back softly, "Thank you."

Summer of '69

The camera made a soft clicking sound after Charli took the photo. The metal of the camera was starting to heat up and Charli felt it burn her hands. She was certain that this photo would be one of her favourites. It was a picture that she had sneakily taken of three soldiers playing poker and exchanging gossips that they had heard around the camp. Their burnt shoulders slumped forward each time they laughed at each other's jokes. They seemed genuinely happy and Charli could not help but capture the moment. Joy was not something that you saw everyday in Vietnam.

Charli liked her job. She was doing important work — she was sure of it, yet, the role of observer that was demanded of her felt unnatural. This, all of it. The war, the death and the famine felt unnatural.

Charli made her way across the camp cursing at every small rock that bit her feet through her sandals. She slid the sandals off of her feet when she entered the dark tent. The room's bright red lighting flickered on slowly and Charli immediately jumped to examine the newly developed photos. Some of them were of pictures of shirtless young men swimming in a river and others were of the fences that lined the camp with clothes hung on them to dry. Further down were photos of all the villages that they had visited.

Sickly children greeted them at every village. The children were malnourished and some of them had been wounded in the crossfire. It was not fair, none of this was. Her stomach dropped when she saw the photo she was forced to take. A thin greying woman on her knees wearing bloody clothing and cradling a tiny body. Her tears left small trails on her dusty face as they fell to the ground.

Charli wished that she was a journalist instead of a photographer. She would write about the injustice she saw. She would tell the story of every victim. She wished that these men understood what they were doing: they were following baseless orders barked at them by men drunk on power. The same men who had forced her to take that photo, because it was evidence of their authority.

She prayed that those victims were at peace and that those men would burn right along with the villages that they torched.



-MEGAN
BOUILLON

-MEGAN
BOUILLON



Man Oorboord

–WALDO VAN DER WALT

“Man oorboord!” Kom die stem van die man in die kraaines. Sy hardloop na die stuurboord– waar die man oorgeval het– om te kyk hoe sy kan help. Tussendeur die branderskuim en die golwe se sproei in haar gesig, sien sy iemand se kop die water breek. Dis ‘n rooikop. Daar is net een rooikop aanboord: haar man.

“Jako!”

Ek hoor my vrou se stem net voor nog ‘n brander my onderslaan. Die water brand my oë en ek kan byna niks sien nie. Ek weet nie wat bo of onder is nie. Die see gooi my rond soos ‘n ongelukkige kind ‘n lappop sou rondswaai. Die bloed swig deur my are; my longe brand vir kos.

Hy sal oorleef. Hy gaan dit maak. Hy sal oorleef.

My kop breek die water en ek sluk lug. Soutwater skroei my longe en my hart pomp asof dit wil bars. Ek seel my mond toe – ek kan nie nog water inasem nie. Ek weet ek kan nie bekostig om paniekerig te raak nie, maar ek kan dit nie help nie. Ek kan nie doodgaan nie.

Hy mag nie iets oorkom nie.

Sy sien hoe die bemanning om my rondhardloop in georganiseerde chaos. Sy wil help, maar weet sy sal net in die pad wees. “Bly kalm, Cristel. Bly kalm.”

Reddingsboei word aan toue vasgebind en ingegooi.

Here, red hom.

“Here, red my.” Ek sien hoe daar rooi reddingsboei in die water gegooi word, maar ek is te ver daarvan. “Druk deur, Jako.” Ek swem deur die pyn en brandpyn in my kop. ‘n Groot golf gooi my onder die water in.

“Jako, waar is jy?!”

My hand skiet op deur die skuim. Ek gryp vas aan die boei en klou met alle mag. Ek kan huil van verligting. My moeë lyf word aan boord gehys en neergelê.

Sy val neer langs hom en lê haar kop op sy bors. Sy klou snikkened aan hom vas. Hy is hier. Hy lewe.

My geskrewe wegkruipplek

–ZETAH SPANG

Wanneer alles net te veel raak, is dit die plek waarheen my gedagtes vlug. Die plek waar ek vry is om te wees wie ek is, die plek waar ek nie meer vasgevang is tussen al die drama van die lewe nie. My geskrewe wegkruipplek.

My geheime wegkruipplek waar ek net my deur kan oopmaak en na die plek gaan waar net my verbeelding al was. Die plek in my dagdrome en gedagtes. My geheime wegkruipplek waar ek net kan gaan sit wanneer ek wil ontsnap... net vir een dag. Die plek waar al my opstelle afspeel en die plek waar ek my storie verder gaan skryf. Die plek in die middel van niks en nêrens waar jy net jou oë kan toemaak en sin probeer maak van alles wat jou pla.

Tussen sandduine en die see, tussen berge en valleie. Dis waar alles weer sal begin sin maak; alles net weer sal bedaar. Onder ‘n boom, sonder enige stres, vrees of hartseer. Dis die plek waar ‘n mens besef die foto’s wat ons van die mooiste sonsondergange sien van pienk, pers en oranje, werklik bestaan. Die mooiste melodie van sterre en sterrestelsels. Die plek waar my drome gaan waar word: my geskrewe wegkruipplek.

Totsiens

–DANÉ DE WET

“Een, twee, drie. Diep asem.” herhaal sy vir haarself soos wat sy die pyn in haar bors probeer wegkry. Dit voel vir haar asof sy oor en oor deur 'n mes gestee word en steeds dink sy asemhalingstegnieke is die antwoord.

Let wel, na die laaste herhaling is die pyn weg – al die pyn. Soos 'n berg van haar skouers af. Sy glimlag, maak haar oë toe en slaap rustig deur die nag. Die volgende oggend toe sy wakker word, was die huis té stil. Haar dowwe oë dwaal stadig deur die vertrek opsoek na haar hond. Na 'n ruk kom hy in die kamer gestap – sy roep hom roep, maar daar is geen reaksie nie. Sy raak hartseer. “Is hy siek of op sy laaste dae?” dink sy.

Sy gaan dadelik na hom toe om te sien of sy kan help, maar toe haar hand by sy pels kom gaan dit regdeur sy lyf. Die kalmte wat die vorige aand oor haar gespoel het, is skielik weg.

Sy draai stadig om en sien haar koue self nog op haar bed. Sy kan nie help nie, maar probeer skree vir hulp. Niemand hoor haar nie. Sy het selfs probeer terugklim in die bed.

“Ek wou nog die wêreld beleef het,” sê sy terwyl trane by haar wang afloop. Haar moedelse siel gaan sit op die vloer langs haar hond en verrassend, kyk hy haar direk in die oë. Sy was nie reg om te gaan nie, maar niemand is ooit reg nie.

Niemand is ooit voorbereid om hulle lewe te verlaat nie.

Sy ruk haarself reg. Daar is nou wel niks wat sy daaraan kan doen nie. Sy stap deur die huis waarin sy groot geword het – sy wil totsiens sê voor Dood haar kom haal. Sy gaan na haar ouers en sê goed wat sy nog altyd vir hulle wou sê. Sy sit by haar klein boetie se bed en wens dat sy al daardie kere geluister het toe sy nie wou nie.

Hy is hier. Sy wil nie gaan nie; sy is bang vir wat volgende kom. Hy vat haar hand en die vrees spring uit haar uit. En, vir die laaste keer, dwaal haar dowwe oë deur die vertrek.

“Totsiens.”

My ma

–MECAYLA DU PLESSIS

Die son sak, maar jou liefde doen nie. Jou moed bly altyd hoog en Ma gee nooit op, op my nie.

'n Ma gee om. Soms voel ek dat niemand aan my kant is nie, maar my ma herinner my altyd dat sy daar is vir my.

Wanneer ek voel asof ek is op my laagste is dan help sy my om te sien dat ek net so voel omdat ek dit toelaat.

Daarom sê ek elke aand vir my ma hoe dankbaar ek is om haar in my lewe te hê.

Die goeie ou dae

–PIERRE VAN NIEKERK

Ek sit my gesigmasker op voor ek ons woonstelblok verlaat. Die strate is vol helder ligte en duisende hoë geboue, geen plante of diere is sigbaar nie, amper geen suurstof oor nie.

Daar is geen fluitende voëltjies of irriterende insekte nie. Oupa het my vertel van toe hy elke oggend net voor sonsopkoms opgestaan het om na die voëls se koorlied te luister. Al wat ŉ mens nou hoor is duisende masjiene; hard aan die werk, besig om ons planeet meer en meer te beskadig.

Tussen al die hoë geboue is daar ŉ klein huisie, met die mooiste tuin wat ek nog ooit gesien het, ook die enigste een. Ek bewonder die plante soos ek na die huis toe loop.

Binne sit oupa besig om sy plantjie te water.

Ek en oupa gaan sit by die tafel en hy haal ŉ klomp fotos uit ŉ ou boks vol stof uit. Oupa wys vir my fotos van watervalle, massiewe berge, duisende bome en eenaardige diere soos renosters, tiere en olifante. Al diere wat ek ken is honde en katte, alles anders het al uitgesterf. Oupa vertel my van pragtige strome waar hy en sy vriende gespeel het en die mooiste reënboë na ŉ lieflike middagreëntjie. Die naaste ding wat my generasie aan die natuur het is Nature-VR die rekenaarspeletjie.

Ek wens tog ek was daar, in die goeie ou dae.

Ons jaag reuse diamante en vergeet van die klein blinkertjies

–ZETAH SPANG

Ons almal het 'n doelwit in ons lewe en ons is vasberade om dit te bereik. Soms werk ons so hard dat ons eintlik al die lekker dinge wat die lewe bied, heeltemal miskyk of ignoreer.

Almal wil net klaarmaak met skool, want niemand hou van leer vir toetse en eksamens nie, maar eintlik is dit dinge soos sport, kultuur en jou vriende en selfs onderwysers wat skool een van die lekkerste tye van ons lewens maak. Voor die Covid-19 pandemie het ek skool met 'n passie gehaat en ek was baie bly toe die inperkings aangekondig was. Na 'n maand van net by die huis sit het ek alleenig en depressief begin voel. Vanaf die dag wat ons kon teruggaan skool toe, het ek met nuwe oë na alles gekyk. Ek woon nou elke funksie wat die skool aanbied by. Ek wens ek het vroeër al die lekker dinge wat skool bied raakgesien en nie net die tyd omgewens om klaar te wees nie.

Jy dink dalk jy het jou trouman of -vrou reeds op agtien ontmoet en jy wil nou net trou en klaar kry. Jy sal eerder hier bly en trou nadat jy studeer het en nie saam met jou vriende oorsee gaan nie. Vir al wat jy weet wag die perfekte trouman of -vrou vir jou in 'n ander land, maar jy trou eerder met jou hoërskool-liefde. Jare later beseef jy dat jou "liefde" vir hom jou blind gemaak het toe hy sy ware kleure begin wys het. Jy het soveel avonture gemis omdat jy vasberade was om jou doelwit van trou te bereik en nou is jy sielsongelukkig.

Die lewe bied vir ons soveel kleiner blinkertjies op ons pad, maar ons is te besig om agter die reuse diamante aan te hardloop en dan kyk ons dit alles mis. Ons moet teen 'n stadiger pas begin draf en steeds ons reuse diamante bereik, maar ons moet die klein blinkertjies ook koester.

Ons lewe net een keer en ons moet met altwee ons voete inspring en voluit lewe. Goeie herinneringe is meer werd as aardse goed. Jy moet nie jou siel hartseer maak net sodat jy jou doelwitte nou dadelik te bereik nie.

Vrees

–JEAN GOODEY

Dit was 'n donker, stormagtige aand. Die reën het soos 'n waterval teen die vensters neergestort. Die donderweer het in 'n grusame stem geskree. Soos altyd was ek alleen – bang.

Ewe skielik het die foto teen die muur aandag getrek – dit het 'n verlate huis op 'n heuwel uitgebeeld. Dit het my laat dink aan die angswekkende aand toe ek in 'n kamer vasgevang was. Die herinneringe was so helder, dat dit gevoel het asof ek in die portret ingesui word.

Die huis was doodstil. Daar is nie 'n enkele lewende wese in die huis nie. 'n Ysige wind waai deur die vertrek. Dit laat my bewe soos 'n riet. My tande kletter teen mekaar en my tone is ysblokkies. Die laaste sonstrale het al ure terug op die horison verdwyn. 'n Deur klap hard agter my toe en ek besef dat ek vasgevang is.

My dowwe oë dwaal stadig deur die vertrek. Teen die muur is daar 'n bed wat al jare gelede deur insekte opgevreet is. 'n Houtkas, wat al vrot is, staan skuins en leun teen die muur. Alles is antiek en onbruikbaar.

'n Weerligstraal belig die kamer. Dit openbaar 'n geraamte in die hoek. Ek kry 'n kol op my maag. Van sy bene het al verweer, maar die skedel is nog in plek. Die vloer rondom hom is rooi gevelek. Ek wonder wat met hom gebeur het en ek besef dat hy seker die eienaar van die huis was.

My liggaam is deurtrek met vrees. Ek begin stadig agteruit te loop, maar die deur wil nie deurlaat nie. My hart klop so hard teen my bors dat dit voel asof dit wil uitspring. Dit voel asof ek nie asem kan kry nie. My maag grom en ek raak bewus van my dringende hongerte. As ek nie hier kan uitkom nie, gaan ek net soos die geraamte verval.

'n Donderweer in die verte het my weer na die werklikheid teruggebring. 'n Koue rilling het oor my ruggraat geloop. Daardie nag was 'n nagmerrie. Ek het toe besef dat daar nog 'n slaaplose nag vir my voorlê.

Deur my venster sien ek...

–ANKE STYGER

ń Sjokolade mannetjie! Is dit regtig ń sjokolade mannetjie wat rondhardloop? Ek kan amper nie my oë glo nie. Ek hardloop met die spoed van weerlig om buite te kom.

Is ek regtig in Lekkergoedland? Spookasem, sjokolade, suigstokkies, dis net suiker oorals waar jy kyk! Ek moet amper by die skool wees, besef ek. Ek maak blitsvinnig klaar en daar is ons weg.

Die pad skool toe is soos ń sprokie. Ons ry verby Spookasem Parkie en ń sjokolade fontein. Ek sien uiteindelik die skool... dis sowaar van Rice Krispies gemaak!

Dis die eerste periode van die dag. Ek sit in Afrikaans, skielik gaan alles verkeerd! Die sjokolade skoolbanke begin smelt, die penne hou op met skryf. Ons drafstap na buite om te gaan kyk en al die lekkergoed is besig om soos mis voor die son te verdwyn.

Hier is groot fout en ek moet dit regmaak!

Ek hardloop eerste na die hart van Lekkergoedland. Daar staan drie grasgroen gruwelike brokkoli mannetjies! Die skarminkels het ingebreek en ń knoppie gedruk wat Lekkergoedland na Groenteland verander! O nee!

Ek storm hulle te pletter, sodat almal so plat soos pannekoek op die vloer land. Vinnig druk ek weer die knoppie en Lekkergoedland begin terugverander...

Wat hoor ek? Musiek? Ag nee, dit is so waar as wragtig my wekker wat lui. Ek moes gewet het dit was alles te goed om waar te wees.


FOTOGRAFIE

**CAROMIEN
KOELMAN**



FOTOGRAFIE

KRISTIN
SHORT




KAY-DEE
STEYN



FOTOGRAFIE

**JEANE
THOMAS**






-Megan Otte




-Selene de Bruin



-Talisha Kritzingers



-Mekyla Olwagen



-Alichia
Bezuidenhout



-Anri Neveling



-Reuben jansen van Rensburg



-Darin Lourens



-Jeane mc Donald



-Jamie-Lee Blake



OOSIE INK



2022